HANTERING VAN COVID-19

2020-03-24 Pastorale brief van bemoediging aan leraars en gemeentes vanuit die Sinodehuis.

2020-04-15 E-pos om BGW-berekening te verander van begroting-gebaseer na werklike maandelikse inkomste gebaseer, a.g.v. daling in gemeentes se inkomste.

2020-04-20 Versprei brief van die SARK rakende inskakeling van gemeentes by ‘n ‘Local Ecumenical Area Network' (LEAN), wat inskakel by ‘n distrikskoördineringsentrum, gekoppel aan ‘n nasionale koördineringsentrum wat op regeringsvlak skakel.

2020-04-28 Die moderatuur vergader oor verdere optrede.

2020-05-04 Brief uit die Sinodehuis aan gemeentes oor sake soos:

- Uitstel van die beplande sinodesitting in Oktober 2020.
- Permitte vir die uitdeel van kos deur die regering beplan.
- Ondersteuning deur die moderatuur met die gebruik van elektroniese media, hulpverlening, maatskaplike sorg, ensomeer.
- Beplanning vir Zoom-gesprekke met ringskommissies om persoonlik te verneem hoe dit in gemeentes gaan.

2020-05-07 Brief vanuit die Sinodehuis met riglyne vir die hantering van bestaande kosprojekte in die lig van die sentralisering van kosverspreiding.

2020-05-07 Brief vanuit die Sinodehuis rakende:

- Interpretasie van vereistes van Fase 4 inperking.
- Riglyne vir aansoek om ondersteuning uit die regering se Covid-19 ondersteunings-fonds

2020-05-13 Zoom-gesprekke met ringskommissies begin en eindig 2020-05-20.

2020-05-14 Versprei brief van die Algemene Sinode met riglyne rakende onder andere:

- Funksionering van kerkkantore.
- Bevestiging van Huwelike.
- Vereistes tydens begrafnisse.
- Uitreik na gemeenskappe buite gemeentegrense.

2020-05-14 Versprei inligting oor en die skakel na ‘n praktiese ‘Toolkit’ vir gemeentes oor: ‘Hoe om jou roeping uit te leef in ‘n krisistyd’. Die handleiding is opgestel deur lede van die Wes-Kaapse en Vrystaatse sinodes.

2020-05-14 Versprei ‘n boodskap van die Moderator op die 49ste dag van inperking.

- Groete en bemoediging.
- Sien in kontak met gemeentes verblydende klem op uitreik na die gemeenskap.
- Spreek waardering uit vir elke leraar en lidmaat wat ‘n bydrae en ‘n verskil maak.

2020-05-18 Versprei inligting rakende die invloed van Covid-19 op die pensioenfondse van die NG Kerk aan al die gemeentes. Sanlam gee inligting oor hoe hule die situasie hanteer en wenke oor hoe lede hulle eie finansies kan gesond kan bestuur.

2020-05-21 Inligting vanaf die Algemene Sekretaris versprei, rakende ‘n nasionale biddag op 29 Mei 2020 deur die regering uitgeroep.

2020-05-28 Opsomming van Fase 3 inperkingsregulasies word vanuit die Sinodehuis versprei.

2020-05-28 ‘n Zoom-gesprek is deur die moderatuur gereël, waartydens alle predikante kon inskakel om veral erediensthantering gedurende fase 3 te bespreek. Die gesprek is opgeneem en die skakel is in die Verskil geplaas vir predikante wat nie op die dag kon deelnaam nie.

2020-05-28 Die bevestiging van die Algemene Sekretaris, dat ‘n nasionale biddag uitgeroep is vir 31 Mei 2021, word vanuit die Sinodehuis versprei.

2020-05-28 Boodskap van die Assessor oor onsekerheid, met verwysing na Romeine 8, word vanuit die Sinodehuis versprei.

2020-06-01 ‘n Dokument vanaf die Algemene Sinode: ‘Geloofsonderskeidende Scenario-beplanning’ word vanuit die Sinodehuis versprei.

2020-06-04 Inligting rakende predikante se diens as noodsaaklik en die gebruik van permitte word vanuit die Sinodehuis versprei.

2020-06-09 ‘n Zoom-gesprek met al die ringsvoorsitters word deur die moderatuur gevoer.

2020-06-10 Riglyne vir die wettige hou van virtuele vergaderings, opgestel deur die Aktuarius, word vanaf die Sinodehuis versprei.

2020-06-11 ‘n Pastorale brief, na gesprekke met al die ringskommissies, word deur die moderatuur uitgereik en vanuit die Sinodehuis versprei.

2020-06-19 Brief van die Direkteur aan voorsitters van kerkrade rakende:

- Prosedures i.v.m. finansiële hulp aan gemeentes in die tyd van Covid-19.
- Bydraes aan die Bedieningsfonds.
- Skep van ‘n Covid-19 Leningsfonds, waarin gemeentes bedrae kan inbetaal, wat rentevry uitgeleen kan word aan gemeentes wat nie die mas finansieel opkom nie.

2020-07-16 Prof. Alphonso Groenewald en me. Liza Esterhuizen (‘n kliniese sielkundige) het by die SDR vergadering van 15 Julie 2020 voordragte gelewer oor trauma-hantering. Die skakels vir die opname sowel as die dokumentasie is op die webblad geplaas en in die Verskil versprei.

2020-07-16 ‘n Opsomming van die terugvoer van ringe tydens die SDR vergadering van 15 Julie 2020 word vanuit die Sinodehuis versprei. Die 3 hooftemas was:

- Die hantering van eredienste in gemeentes.
- Uitdagings met die pastoraat.
- Die stand van finansies.

2020-08-07 ‘n Oproep deur die moderatuur tot ‘n dag van gebed op 16 Augustus 2020 met die tema: ‘Hoe lank nog?’, asook ‘n konsep liturgie, word vanuit die Sinodehuis versprei.

2020-08-28 Inligting rakende ‘n veldtog van die SARK om te betoog oor korrupsie met die hantering van Covid-19 fondse, word vanuit die Sinodehuis versprei. Die moderatuur moedig gemeentes aan om in te skakel by die bekendstelling tydens ‘n webinar en aanlyn-erediens op Sondag 30 Augustus 2020.

2020-10-01 ‘n Inligtingstuk van die Algemene Sinode, wat die reëls vir fase 1 inperking verduidelik en ook riglyne gee oor hoe om tot goeie besluitneming te kom, word vanuit die Sinodehuis versprei.

2021-02-04 ‘n Opsomming i.v.m. fase 3-inperking, asook ‘n kopie van die regulasies soos in die Staatskoerant gepubliseer word na gemeentes versprei.

2021-02-04 ‘n Direktief van die Departement van Binnelandse Sake rakende die bevestiging van Huwelike onder fase 3-inperking word versprei.

2021-02-25 ‘n Skakel van die opname van ‘n gesprek oor die pastorale hantering van Covid-19 pasiënte by die SDR vergadering van Februarie 2021, word aanlyn beskikbaar gemaak. Die inleier vir die gesprek by die SDR was Leoné Janse van Rensburg wat vir baie jare matrone by die Zuid Afrikaanse Hospitaal was.

2021-03-01 ‘n Skrywe vanaf die Algemene Sinode, dat SARK in ’n posisie is om die name en besonderhede van predikante van lidkerke deur te gee ten einde as frontlinie-werkers geprioritiseer te word om entstof teen COVID-19 te ontvang.

2021-03-04 ‘n Opsomming van die wysigings tydens fase1-inperking, met ‘n kopie van die regulasies, word versprei.

2021-04-15 ‘n Aanlyn skakel met temas vir pinkster, in die lig van Covid-19, word aan gemeentes beskikbaar gemaak. Dit is uitgewerk deur leraars van die NG Kerk, VGKSA en NGKA verbonde aan die Departemente “Praktiese en Missionale Teologie” en “Historiese en Konstruktiewe Teologie” van die Fakulteit Teologie en Religie aan die Universiteit van die Vrystaat.

2021-06-26 Pastorale brief van bemoediging aan leraars en gemeentes vanuit die Sinodehuis.

2021-07-07 ‘n Skakel na ‘n video van ‘n SDR gesprek: ‘Hoe gemaak met Covid-19’ word aanlyn beskibaar gemaak vir alle gemeentes. Dr. Angelique Coetzee, destyds voorsitter van die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging, het die gesprek ingelei en daarna is waardevolle insette oor ‘hoop’ tydens die gesprek gelewer.

2021-07-25 ‘n Opsomming i.v.m. fase 3-inperking, asook ‘n kopie van die regulasies soos in die Staatskoerant gepubliseer word na gemeentes versprei.

2021-10-13 ‘n Versoek van die Departement Gesondheid, vir samewerking met die inentingsproses word aan gemeentes versprei. Veral die beskikbaarstelling van kerkgeboue as inentingspunte is ter sprake.

2021-10-13 Die verslag van die Taakspan ‘Die Kerk op weg met Covid-19’ word aanlyn beskikbaar gestel aan gemeentes.

2022-03-07 Pastorale brief van bemoediging aan leraars en gemeentes vanuit die Sinodehuis.

2022-07-19 Pastorale brief van bemoediging aan leraars en gemeentes vanuit die Sinodehuis.

Daar is telkens versoek dat kerkkantore moeite moet doen om die inligting ook by gemeentelede te besorg.